

3 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-9

Fokusgedeelte: DL, VD 5:2

### Mits die mens sy plig doen ...?!

Baie teologiese dwalings bevat die woorde “mits die mens sy plig doen”. Al hierdie dwalings kom daarop neer dat God kan doen wat Hy wil, maar as die mens nie sy plig doen nie, dan kan hy nie gered word nie. Of ’n mens gered gaan word hang dus van sy prestasie af. Dit hang van die mens af of hy sy plig doen of nie en nie van God se genade nie.

Die Woord sê egter baie duidelik in vers 8: “Dit is Hy wat julle ook enduit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie.” Daarom het die Sinode die dwaling van “mits die mens sy plig doen” verwerp. Dié dwaling het gesê: “God gee die gelowige wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die mens sy plig doen. Al is alles wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, ook in werking gestel, dan nog hang dit altyd van die oordeel van die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie.”

Teenoor hierdie dwaling klink die waarheid klokhelder: “Dit is Hy wat julle ook enduit sal laat vas staan ...” Hierdie dwaling, net soos ander dwalings vandag, wil die mens vry maak om oor sy eie lot te beslis, maar dit maak van hulle kettere! Die natuurlike mens sal selfs ketter net om nie van God afhanklik te wees nie.

Genadiglik hang dit nie van die mens af of hy gered word of nie, maar van God se genade. Ten spyte daarvan dat ek nie altyd my plig gedoen het nie sal God my red, want in Christus is ek sy kind!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~